# Die Kruin-o-gram

07 Februarie 2021 - Uitgawe 01

## Staan op en loop | Lukas 5:17-26

Die evangelie van Lukas vertel van die geboorte, bediening, dood, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus. Saam met die boek Handelinge het ons ‘n twee volume werk wat akademici noem Lukas-Handelinge. Hierdie twee werke saam vorm deel van 27,5% van die Nuwe Testament.

Dié gekombineerde werke verdeel die geskiedenis van Christenskap in die Eerste Eeu in drie dele, waarvan Lukas die eerste twee dele bevat - die aankoms van Jesus onder die mensdom, as Messias (Jesus se geboorte en sy ontmoeting met Johannes die Doper) en dan Jesus se bediening, dood, opstanding en hemelvaart.

Meeste akademici is dit eens dat die hoofbronne wat Lukas gebruik het die Markus evangelie was, ‘n hipotetiese versameling van Jesus se gesegdes bekend as die Q-Bron, asook inligting wat nie in die ander evangelies voorkom nie, waarna verwys word as die L-Bron (L in verwysing tot Lukas). Dit staan bekend as die Sinoptiese evangelie teorie wat Matteus en Markus insluit.

Die outeur van Lukas is anoniem, alhoewel die tradisionele verstaan is dat Lukas die evangelis, die vriend van Paulus, die boek geskryf het. Die probleem met hierdie teorie  is dat daar baie weersprekings is tussen die briewe van Paulus en dit wat in Handelinge plaasvind.

### Die Sinoptiese evangelies

Die evangelies van Matteus, Markus en Lukas word na verwys as die Sinoptiese evangelies omdat hulle baie van dieselfde stories bevat. Hierdie drie evangelies staan saam teenoor die evangelie van Johannes, omdat Johannes so baie verskil van die drie.

Die woord ‘sinopties’ kan verstaan word as verskillende vertellings van dieselfde verhaal vanuit dieselfde oogpunt. Hierin sien ons die sterk parallelle in inhoud en taal as die produk van literêre interafhanklikheid. Met ander woorde, die evangelie skrywers moes van dieselfde bronne gebruik om sulke eenderste vertellings te gee. Hierdie bronne is die Q-Bron, sowel as Markus.
Die bronne van die verskeie evangelies lyk dan as volg:

**Matteus:**
- Markus
- Q-Bron
- M-Bron (Eie aan Matteus)

**Markus:**
- Q-Bron
- M-Bron (Eie aan Markus)

**Lukas:**
- Q-Bron
- Markus
- L-Bron

Die Lukas evangelie is waarskynlik rondom 80-110 AD geskryf. Ons het egter ook bewyse dat die boek geredigeer is in die tweede eeu AD.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
    a. Die skole begin weer amper, hoe voel jy daaroor?
    b. Waarna sien jy die meeste uit vir die skole om weer te begin?

2. Na God
    a. Lees Lukas 5:17-26
    b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
    c. Hoekom dink jy vergewe Jesus die verlamde se sondes?
    d. Wat is vergifnis?
    e. Hoe lyk vergifnis?
    f. Hoekom is vergifnis belangrik?

3. Na mense
    a. Wie moet jy hierdie week vergewe wat jou seergemaak het?

# Om jou te help

Kyk die video van 'The Bible Project' om meer te leer van Lukas.

https://youtu.be/XIb_dCIxzr0





# Die groot fout

## Genesis 3

Daar was baie bome in die Tuin van Eden. God het vir Adam en Eva gesê: "Julle mag die vrugte van enige boom eet, behalwe een. Julle mag nooit die vrugte van die boom van kennes van goed en kwaad eet nie."

Ongelukkig was daar 'n skelm slang in die tuin. Op 'n dag sien die slang vir Eva naby die spesiale boom. Die slang het gesis: "Het God regtig gesê julle mag nie van die vrugte van hierdie boom eet nie?"

Die slang wou hê Eva moes ongehoorsaam wees aan God. Die slang sê toe: "Proe van hierdie heerlike vrugte. As jy dit eet, sal jy net soos God wees. Jy sal weet wat die verskil tussen goed en kwaad is."

Die vrugte het baie lekker gelyk. Eva het onthou wat God gesê het, maar sy het nogtans die vrugte geëet. Toe gee Eva vir Adam daarvan. Hy het ook daarvan geëet.

Toe die son ondergaan, het Adam en Eva vir God in die tuin hoor loop. God het hulle gesoek. Adam en Eva het tussen die bome weggekruip. Hulle was bang.

"Wat het julle gedoen?" het God gevra. "Het julle van die spesiale boom se vrugte geëet?" Adam het ges Adam het gesê: "Ja, maar Eva het dit vir my gegee." Eva het gesê: "Ja, maar dit is die slang se skuld."

God het vir die slang gesê: "Omdat jy dit gedoen het, sal jy altyd op jou maag seil." Toe sê God vir Adam en Eva: "Omdat julle ongehoorsaam was aan My, kan julle nie meer in die tuin bly nie."

Adam en Eva is toe uit die tuin uit. God het engele met 'n vlammende sward voor die tuin se ingang gesit sodat niemand kon inkom nie. Adam en eva sou nooit weer in die tuin toegelaat word nie.

(Uit: Bybelstories vir beginners)

## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 07 Februarie** | |
| Kitty van Staden | |
| **Maandag 08 Februarie** | |
| Janine Botha | 084 508 1878 |
| Janine Strydom | 012 803 3938 |
| **Woensdag 10 Februarie** | |
| Willie Joubert | 012 804 6437 |
| Linda Skarabis | 072 055 6194 |
| Babsie van Wyk | 083 284 5140 |
| **Donderdag 11 Februarie** | |
| Johanna Maree | |
| Gabriella van Niekerk | 082 796 8471 |
| **Vrydag 12 Februarie** | |
| Marinda Campher | 082 928 9474 |
| Charlene Hugo | 012 804 1814 |
| Heilie van Staden | 012 804 1333 |
| **Saterdag 13 Februarie** | |
| Lenie Potgieter | 012 804 3420 |
| Babsie Putter | 073 144 6633 |
| Bianca Steyn | 082 339 6506 |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard – Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina
Rita Pieters - Yvonne Lombard – Martie van der Merwe

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie - HA Morton

**OPERASIES**
Ghandi Visser - Buks Lombard
Werner Schnetler

**AFSTERWE**
George Coetzer - Hein Le Roux
Cecile Kleynhans se familie (Annelien en Gerhard du Plessis)

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus - Tia en Japie de Jager - Bianca en Paul Steyn

**ONS BID OOK VIR**

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

## Kry ons Toep

vir

1. Die nuutste gebeure in ons gemeente
2. Al ons Eredienste, Bybelstudies en Kategese material
3. Om meer inligting te bekom oor huwelike, dope en begrafnisse

